basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## VISUELE KUNSTE V1

## 2022

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede toon:

- Die gebruik van die korrekte kunsterminologie
- Die gebruik en toepassing van visuele analise/ontleding en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede in 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Die plaas van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks
- 'n Begrip van eiesoortige kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.

5. Maak seker dat jy na die kleurafdrukke van die visuele bronne verwys waar dit vereis word.

6. GEEN punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word NIE. Kruisverwysing van kunswerke is toelaatbaar.

7. Noem die kunstenaar en titel van ELKE kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou/struktuur.

8. Kandidate mag NIE beelde wat alreeds in ander vrae gebruik is, bespreek NIE.

9. Skryf op 'n duidelike, kreatiewe en gestruktureerde manier en gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. 'n Lys met feite/tabelle word NIE aanvaar NIE.

10. Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoord. Let op die puntetoekenning:

    - 6–8 punte: 'n minimum van ½–¾ bladsy
    - 10–14 punte: 'n minimum van 1–1½ bladsy(e)
    - 20 punte: 'n minimum van 2 bladsye

11. Skryf netjies en leesbaar.

**LAAT HIERDIE BLADSY OOP.**

**BEANTWOORD ENIGE VYF VRAE.**

## VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

| |
|---|
| Beide George Pemba en Ward Kimball se kunswerke vertel stories van vroue wat besig is om te werk. |

1.1 Bespreek die kunswerke in FIGUUR 1a en 1b en beskryf die stories wat deur die kunstenaars vertel word.

Jy moet die volgende by jou antwoord insluit:


- Uitbeelding en plasing van die figure
- Ooreenkomste/Verskille tussen FIGUUR 1a en FIGUUR 1b
- Kleur
- Boodskap/Betekenis (10)

1.2 Bespreek TWEE kunswerke (EEN kunswerk per kunstenaar) wat 'n storie oor hulle sosiale omgewing vertel.


Gebruik die volgende riglyne:

- Invloede
- Onderwerp
- Formele kunselemente
- Media en tegniek (10)

**[20]**



FIGUUR 1a: George Pemba, ***Harvesters (Oeswerkers)***, olie op bord, 1976.



FIGUUR 1b: Ward Kimball, ***The Gleaners (Die Versamelaars)***, olie op doek, 1964.
(Gewysigde reproduksie van die werk van Jean-Francois Millet)

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS**

| Kunstenaars put dikwels inspirasie uit ander kulture. |
|---|

2.1 Bespreek FIGUUR 2a en 2b deur na die stelling hierbo te verwys.

Jy kan die volgende riglyne gebruik:

- Moontlike invloede
- Simbole
- Gebruik van kleur
- Beeldgebruik
- Styl (8)

2.2 Beskryf die werk van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) wie se werk inheemse en/of Afrika-simbole en -kunsvorms weerspieël. Noem die kunstenaars en titels van die kunswerke.


Gebruik die volgende riglyne:

- Onderwerp
- Invloede
- Formele kunselemente
- Media en tegniek
- Moontlike boodskap/betekenis (12)

**[20]**



FIGUUR 2a: Irma Stern, ***Fingo Woman (Fingo-vrou)***, olie op doek, 1952.



FIGUUR 2b: Alexis Preller, ***Christ Head (Christushoof)***, olie op hout, 1972.

**VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's INGESLUIT**

| |
|---|
| Opvoeding is die magtigste wapen wat jy kan gebruik om die wêreld te verander.<br><br>– Nelson Mandela, 2003 |

3.1 Vergelyk die visuele beelde in FIGUUR 3a en 3b deur te bespreek hoe ELKE kunstenaar kommentaar gelewer het op die uitdagings van onderwys tydens daardie verskillende tye.

Jy kan die volgende riglyne gebruik:

- Onderwerp
- Kleur
- Lyn
- Komposisie
- Betekenis van die kunswerke deur na die titels te verwys

(8)

3.2 Skryf 'n opstel oor TWEE kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) wie se werk protes, weerstand of onregverdighede in die samelewing weerspieël.

Gebruik die volgende riglyne:

- Onderwerp
- Formele kunselemente
- Media en tegnieke
- Moontlike betekenis en boodskap (12)

**[20]**



FIGUUR 3a: Alfred Thoba, ***1976 Riots (1976-opstande)***, olieverf op bord, 1987.



FIGUUR 3b: Sifiso Samuel Gumede, ***Education not Police (Opvoeding, nie Polisie nie)***, linosnee, 2017.

**VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA**

| |
|---|
| Flesse, potte en houers het deur die eeue ontwikkel en verander volgens die behoeftes en funksies gebaseer op tradisie, erfenis en kultuur, en sodoende 'n inkomste vir baie kunstenaars gegenereer. |

4.1 Kies enige TWEE kunswerke uit FIGUUR 4a–4c en skryf 'n kort opstel daaroor.

Bespreek die volgende in jou opstel:

- Vorm
- Funksie
- Media/Materiaal en tegnieke
- Verskille tussen jou TWEE voorbeelde
- Ooreenkomste tussen jou TWEE voorbeelde (10)

4.2 Bespreek TWEE kunswerke van verskillende kunsvlytkunstenaars en/of geestelike kunstenaars wat deur hulle kultuur en erfenis geïnspireer is.


Gebruik die volgende riglyne:

- Invloede en inspirasie
- Kunselemente
- Gebruik van materiaal en tegnieke
- Boodskap/Betekenis

(10)
**[20]**



FIGUUR 4a: Clive Sithole, ***Uphiso***
*(*sfeervormige fles met 'n kort, nou silindriese nek wat in 'n put gebak is), 33,0 cm x 33,4 cm, 2000.



FIGUUR 4b: Beauty Ngxongo,
***Basket with Lid (Mandjie met Deksel)****,*
gekleurde ilalapalmblare, 1990.



FIGUUR 4c: Ardmore Ceramics**, *Masai Red Elephant Tureens (Masai Rooi Olifant Sopkom)***, geglasuurde keramiekklei,
datum onbekend.

## VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORME IN SUID-AFRIKA

Nkhensani Rihlampfu is 'n jong Suid-Afrikaanse kunstenaar wat indrukwekkende figuratiewe beeldhouwerke skep deur handgeweefde linnetou te gebruik. Hierdie gesiglose figure verteenwoordig die meerderheid swak betaalde arbeiders wat deur harde werk Suid-Afrika help bou het, ten spyte van die gewig wat hulle self dra.

Isabelle Grobler gebruik voorwerpe wat weggegooi is op 'n droomagtige wyse om kommentaar te lewer op die samelewing se ekonomiese afhanklikheid van hierdie verbruikersnoodsaaklikhede.

5.1 Lees die stelling hierbo en beantwoord die volgende vrae in 'n opstel:

- Hoekom, dink jy, skep Rihlampfu gesiglose figure? (FIGUUR 5a)
- Hoe skep al die materiaal wat deur Rihlampfu gebruik word, tekstuur en ritme?
- Hoe dra die visuele elemente, wat in FIGUUR 5a voorgestel word, tot die betekenis van die titel by?
- Hoe dra Grobler se gebruik van weggooigoed en gevonde voorwerpe in FIGUUR 5b by tot die droomagtige en surrealistiese kwaliteit van haar werk?
- Identifiseer die objekte wat in FIGUUR 5b gebruik word, wat mag toon. Hoe sinspeel dit op die mag van verbruik?
- In haar titel verwys Grobler na Christenskap (***Persoonlike Jesus***). Dink jy hierdie kunswerk het 'n godsdienstige/geestelike kwaliteit? Ondersteun jou antwoord. (10)


5.2 Skryf 'n opstel oor die werk van TWEE kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) wat nuwe/alternatiewe media gebruik om 'n sterk boodskap oor te dra.

Verwys na die volgende:

- Name van kunstenaars en kunswerke
- Invloede
- Kunselemente
- Styl
- Media en tegnieke
- Betekenis/Boodskap (10)

**[20]**

**'Concupiscence':** Die selfsugtige menslike begeerte na 'n objek, persoon of ondervinding



FIGUUR 5a: Nkhensani Rihlampfu, ***Remains of Democracy* *(Oorblyfsels van Demokrasie)***, hout, staal en geweefde linnetou, 2017.



FIGUUR 5b: Isabelle Grobler, ***The Cannibals' Concupiscence: Personal Jesus* *(Die Kannibale se Begeerte: Persoonlike Jesus)***, gemengdemedia-beeldhou-assemblage, 2020.

## VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NÁ 1994


Die kunstenaars, Dion Cupido en Rory Emmet, besin beide oor hulle identiteit om as 'Kleurling' geklassifiseer te wees en wat dit vir hulle beteken.

6.1 Skryf 'n kort opstel oor hoe die kunstenaars 'Kleurling'-identiteit in FIGUUR 6a en 6b uitgebeeld het deur die volgende riglyne te gebruik:


- Gebruik van figure/liggaamstaal
- Agtergrond
- Kleur
- Dink jy dat hierdie werke identiteit suksesvol weerspieël? Verwys na moontlike betekenis/boodskap. (8)

6.2 Bespreek TWEE kunswerke deur Suid-Afrikaanse kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) wie se kunswerke kwessies oor identiteit weerspieël. (12)

**[20]**



FIGUUR 6a: Dion Cupido, ***Party Politics (Partypolitiek)***, gemengde media, 2019.



FIGUUR 6b: Rory Emmet, ***Couple (Paartjie)***, olie op papier, 2017.

## VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

Ek hou daarvan om 'n estetiese skoonheid in iets te ontdek waar ander dit moontlik as verwaarloos en lelik sal sien.

– Tim Okamura

Okamura ondersoek identiteit en vang skoonheid, krag en waagmoed in 'n stedelike omgewing vas om die lewensverhale van mense deur portretstudies te vertel.

Skryf 'n opstel waarin jy bespreek hoe geslag in Okamura se werk uitgebeeld word. (FIGUUR 7)

Sluit ook by jou antwoord TWEE ander kunswerke (EEN kunswerk per kunstenaar) in wat jy bestudeer het wat geslagskwessies weerspieël.

Jy kan in jou antwoord na die volgende verwys:

- Onderwerp
- Kleur
- Kontras
- Tegnieke wat tot die betekenis van die werk bydra
- Houding en uitdrukking
- Simbole **[20]**

**Esteties:** aangenaam vir die oog/mooi om te sien




FIGUUR 7: Tim Okamura, ***'Rare Groove'***, olie, gemengde media op doek, 2018.

## VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

Mpumalanga staan bekend as die provinsie van die 'opkomende son'.

Die Mpumalanga Provinsiale Regeringskompleks, wat in Mbombela geleë is, verwys duidelik na ons Suid-Afrikaanse erfenis.

8.1 Verwys na die stelling hierbo met verwysing na die visuele bronne in FIGUUR 8a–8d. Bespreek hierdie gebou deur die volgende riglyne te gebruik:

- Die ontwerp en vorm van die gebou wat ons Afrika-erfenis weerspieël
- Die funksie van die koepel
- Die funksie van die okulus
- Hoe die argitek die 'opkomende son' in die ontwerp van die gebou weerspieël het (6)

8.2 Bespreek enige TWEE Suid-Afrikaanse geboue/strukture wat ons Suid-Afrikaanse geskiedenis/erfenis/kultuur weerspieël. Noem die argitek(te) en name van die geboue.


Jy kan sommige van die volgende oorweeg:

- Materiaal
- Ontwerp en vorm
- Funksie van die gebou
- Perseel/Ligging
- Invloede (14)

**[20]**

**Okulus:** opening/venster, wat soos 'n oog lyk, in 'n koepel






FIGUUR 8a en FIGUUR 8b: Tayob Schnepel Association, ***Mpumalanga Provincial Government Complex (Mpumalanga Provinsiale Regeringskompleks)***, buiteaansig, 1997–2001.



FIGUUR 8c: Tayob Schnepel Association, ***Mpumalanga Provincial Government Complex (Mpumalanga Provinsiale Regeringskompleks)***, binneaansig van die sitplekgedeelte in die konferensiesaal, 1997–2001.



FIGUUR 8d: Tayob Schnepel Association, ***Mpumalanga Provincial Government Complex (Mpumalanga Provinsiale Regeringskompleks)***, plafon met die koepel in sig, 1997–2001.

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## VISUELE KUNSTE V1

## (TEORIE)

## 2022

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou* 

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat met die nasien begin word:

1. Hierdie nasienriglyne bestaan uit AGT antwoorde. Kandidate moes enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte beantwoord.

2. Dit is BAIE BELANGRIK dat daar in die volgende gevalle vir die kandidate voorsiening gemaak word:
   - Kandidate moet krediet ontvang as hulle hul eie menings en idees in antwoorde gee.
   - Gee krediet vir laterale denke.
   - Argumente en stellings moet goed beredeneer en gemotiveer word deur na spesifieke faktore te verwys.

3. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees. Kolpunte ('Bullets') dien gewoonlik as riglyne om kandidate te help om hul antwoorde te struktureer.

4. Inligting en kunswerke wat in een antwoord bespreek is, mag nie krediet kry as dit in ander antwoorde herhaal word nie, maar kruisverwysings tussen kunswerke is toelaatbaar.

5. Kandidate moet die naam van die kunstenaar en die titel van elke kunswerk noem, waar van toepassing. **Slegs EEN punt word vir die korrekte kunstenaar en titel van die werk toegeken.**

6. Kandidate kan beide twee- en driedimensionele kunswerke in enige antwoord bespreek, waar van toepassing.

7. ***Onthou dat baie kandidate hierdie voorbeelde sal bespreek alhoewel hulle dit nog nooit gesien het nie. Nasieners kan daarom nie feitelike, akademiese inligting verwag nie. Hulle moet uit hul eie ervarings, kulture en interpretasies van die kunswerke put, binne die konteks van die vraag. Daarom moet nasieners onbevooroordeeld en buigsaam in die nasienproses wees.***

## ALGEMENE INLIGTING VIR NASIENERS

- Hierdie nasienriglyne moet as 'n riglyn vir nasieners en 'n onderrigmiddel dien. Daarom is die nasienriglyne vir sekere vrae in groter diepte behandel sodat die materiaal as onderrigmiddel gebruik kan word. Ander dele van die nasienriglyne kan slegs 'n voorgestelde gids wees.

- **LET WEL:** Nasieners word aangemoedig om kandidate te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.

- Alhoewel die inligting vir die vrae puntsgewys gegee word, moet kandidate in opstel-/paragraafformaat skryf en hul inligting op 'n holistiese wyse bespreek.

- Kandidate moet alle vrae in VOLSINNE of PARAGRAWE beantwoord, volgens die vereistes van elke vraag. Puntsgewyse antwoorde kan nie volpunte behaal nie. Volpunte kan nie gegee word as die titel of kunstenaar verkeerd is nie.

- Nasieners moet na die KABV-dokument vir Visuele Kunste, bladsy 45, verwys vir 'n riglyn om die prestasievlakke te assesseer.

**Assessering van kandidate se vermoë om voorbeelde van visuele kultuur te ontleed en daarop te reageer**

| PRESTASIE-KODE | LEERUITKOMS 4: VISUELEKULTUUR-STUDIES |
|---|---|
| **7<br>Uitstekend<br>80–100%** | • Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings. |
| **6<br>Verdienstelik<br>70–79%** | • Demonstreer 'n goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon uitstekende insig en begrip. |
| **5<br>Substansieel<br>60–69%** | • Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon substansiële vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n goeie vlak van insig en begrip. |
| **4<br>Gemiddeld<br>50–59%** | • Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip. |
| **3<br>Bevredigend<br>40–49%** | • Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n bevredigende vlak van insig en begrip. |
| **2<br>Elementêr<br>30–39%** | • Demonstreer slegs 'n basiese vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip. |
| **1<br>Nie behaal nie<br>0–29%** | • Demonstreer 'n geringe of geen vermoë nie om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon min of geen begrip of insig nie. |

**NASIENERS MOET <u>SLEGS</u> DIE EERSTE VYF VRAE NASIEN EN INDIEN 'N KANDIDAAT MEER AS DIE VEREISTE AANTAL VRAE GEDOEN HET MOET NET DIE EERSTE VYF GEKREDITEER WORD.**

**KANDIDATE MOET ENIGE VYF VRAE BEANTWOORD.**

**Die volgende puntetoekenning moet nagekom word wanneer slegs EEN kunswerk/kunstenaar bespreek is in plaas van twee.**

**6 punte (maks 3)**
**8 punte (maks 5)**
**10 punte (maks 6)**
**12 punte (maks 7)**
**14 punte (maks 8)**
**20 punte (maks 12)**

**EEN punt moet afgetrek word wanneer geen vergelyking gemaak word nie.**

| |
|---|
| **As gevolg van die <u>kleurverskille</u> van die vraestelle van verskillende provinsies, moet die provinsies die nasienersriglyne vir interpretasie aanpas.** |

## VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

Beide George Pemba en Ward Kimball se kunswerke vertel stories van vroue wat besig is om te werk.

**FIGUUR 1a:** George Pemba, ***Harvesters, (Oeswerkers)*** olie op bord, 1976.

**FIGUUR 1b**: Ward Kimball, ***The Gleaners,(Die Versamelaars),*** olie op doek, 1964 (gewysigde reproduksie van die werk van Jean-Francois Millet)

1.1 Kandidate moet die kunswerke in FIGUUR 1a and FIGUUR 1b bespreek waarin hulle die stories wat deur die kunstenaars vertel word beskryf. Hulle moet die volgende in hulle antwoord insluit:

- **Uitbeelding en plasing van figure**

  **FIGUUR 1a**: Drie vroulike figure wat geklee is in tradisionale Xhosa drag, domineer die voorgrond. Hulle sny graan met hul sekels. Die moeder en baba in die middel word die fokuspunt, nie net omdat hulle in die middel van die komposisie is nie maar ook omdat hulle gebukkend staan en die ander figure regop. Hierdie monumentale en beweginglose figure skep ‘n driehoekige vorm. Die invloed van Impressionisme word gesien in die oomblikke in tyd wat vasgevang is/ vlietende oomblik/ momentopname ‘n Kleiner figuur kan gesien word aan die linkerkant in die middelgrond van die skildery, wat die oog van die kyker in die prentvlak inlei. Die agtergrond word gedomineer deur ‘n bergreeks. Soos wat vorm verdwyn in die ruimte word die berge kleiner en ligter in kleur. Daar is ‘n teken van ‘n klein huisie op die horisonlyn net onder- kant die bergreeks. Die figure is weggedraai van die kyker wat die oog forseer om na die fokuspunt te kyk.

  **FIGUUR 1b**: Die voorgrond word gedomineer deur drie vroulike figure wat aangetrek is as arbeiders/versamelaars en wat besig is om weggooigoed/ afval/plasties/gemors op te tel. Hierdie vooroorgeboë figure kom groot en bewegingloos voor. In die agtergrond op die horisonlyn kan geboue/huise aan die regterkant gesien word en hooimiedens en ‘n perdekar word aan die linkerkant gesien. ‘n Perderuiter is sigbaar in die verte aan die regterkant van die skildery.

- **Ooreenkomste en verskille:**

  **FIGUUR 1a: FIGUUR 1a en FIGUUR 1b** beeld vroulike werkers/versamelaars/arbeiders uit wat ongeskoolde, handearbeid in ‘n koringland doen. In Figuur 1a, buk hulle om of koring op te tel, of te oes in ‘n landelike plaas omgewing. Die drie vroue in beide kunswerke dra hoede of kopdoeke. Die verskille kan gesien word in hulle kleredrag sowel as die plasing/komposisie van die figure. Die vroue in **FIGUUR 1a** dra tradisionele Xhosa kleredrag. Die beeld is helder en lewendig.

Die drie vroue in **FIGUUR 1b** dra werkersklere en kopdoeke. Die monumentale en beweginglose figure is gebukkend en is besig om gemors op te tel in ‘n landelike plaasomgewing. Daar is ‘n ooreenkoms in die titels van die kunswerke, want arbeiders versamel die oorskot van die oes. Die landelikheid in **FIGUUR 1a** gee ‘n komposisie weer van ‘n bergreeks met ‘n plaashuis sigbaar in die agtergrond. In **FIGUUR 1b** het die landskap geboue, hooimiedens, ‘n perderuiter, ‘n perdekar en ‘n oseaan in die agtergrond. Die kleure is gedemp. Die arbeiders het sekels en die versamelaars tel die gemors op met hulle kaal hande

- **Kleur:**

  **FIGUUR 1a:** Komplimentêre kleure is gebruik in die skildery naamlik rooi en groen, oranje en bloue. Die sagte blou berge in die agtergrond skep diepte aangesien die kleure ligter word soos die ruimte na agter beweeg. Die oranje in die kleredrag word herhaal in die dak van die klein huisie wat die oog in die prentvlak inlei. Daar is ‘n herhaling van rooi, blou-grys en groene deurgaans in die skildery.

  **FIGUUR 1b:** Daar is gedempte kleure, okers, rooie en bloue sigbaar in die klere van die vroue. Die turkoois in die hoed is herhaal in die glasbottel op die grond, asook in die oseaan in die agergrond. Die kleur oranje in die kleredrag is herhaal in die dak van die huis wat die oog in die prentvlak inlei. Geel is gebruik in die afval in die voorgrond. Oker is die oorheersende kleur in die agtergrond.

- **Boodskap/betekenis:**

  **FIGUUR 1a:** Die kunstenaar gee die kyker visuele inligting oor die Xhosa arbeiders wat in hulle tradisionele kleredrag in die koringlande werk. Dit vertel ons van die dapper sterk vroue wat na hulle babas omsien deur hulle op die rug te dra terwyl hulle in die lande werk. Dit wys dapperheid en sterkte aangesien daar geen manlike werkers is nie.

  **FIGUUR 1b:** Om skoon te maak, nie te besoedel nie en om die omgewing skoon te hou. Hierdie werk is ‘n ontleende/toepaslike werk van Millet (Realisme) se Versamelaars / “Gleaners” met moderne afval / gemors. (10)

1.2 Kandidate moet **TWEE kunswerke,** (EEN per kunstenaar) bespreek wat ‘n storie vertel van hulle omgewings.

Hulle moet die volgende riglyne gebruik:

- Invloede
- Onderwerp
- Formele kunselemente
- Media en tegnieke (10)

**[20]**

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS**

| Kunstenaars gebruik soms inspirasie van ander kulture. |
|---|

**FIGUUR 2a:** Irma Stern, ***Fingo Woman, (Fingo Vrou)*** olie op doek, 1952.
**FIGUUR 2b:** Alexis Preller, ***Christ Head***, (***Christus Hoof),*** olieverf op hout, 1972.

2.1 Kandidate moet, deur te verwys na die die bogenoemde stelling, reflekteer op die kunstenaars se werke in FIGUUR 2a en 2b. Hulle mag die volgende riglyne gebruik:.

- **Moontlike invloede:**

**FIGUUR 2a:** Ekspressiewe lyne en kleur is gebruik. Invloede van Ekspressionisme kan ook gesien word in die oordrewe vereenvoudiging van die oë en die vereenvoudiging van die figure in die agtergrond. Invloede van inheemse Fingo kultuur gesien in hul kleredrag, onamentele juwele en grimering.
**FIGUUR 2b:** Afrika maskers, Kubisme, Egiptiese kuns en Surrealisme. Kubisme kan gesien word in die fragmenteerde vorms en die afbeeldings van die Afrika maskers. Preller het dikwels ‘n nuwe etniese groep geskep deur verskeie simbole/ beelde / kunsvorme en kulture te kombineer. Die invloed van Egiptiese simbole en tekens kan duidelik gesien word in hierdie visuele bron.

- **Simbole:**

**FIGUUR 2a:** Die kralewerk en koper armbande is tipiese Afrika kultuur / kleredrag / bykomstighede. Die hooftooisel en klere is ook etnies en simboliseer Afrika vroue. Ontwerp motiewe soos kort lyne en driehoekige vorms kan in die oorringe en klere gesien word.

**FIGUUR 2b:** Die kunstenaar het geometriese vorms gebruik (reghoekige vorms op die masker), tipies simbolies van Afrika kuns. Die maskeragtige gesig van die figuur is simbolies van Afrika kulture. Die hooftooisel lyk asof dit uit hout uit gekerf is. In die middel van die kopstuk of verlengde kroon, is die vorm van ‘n kruis. Aan die regterkant van die kruis is ‘n tekening wat ooreenkom soortgelyk aan ‘n Egiptiese figuur. Kandidate mag verwys na Tutankhamun – Egiptiese koning. Die doringagtige kroon kan ook verwys na Christus se doringkroon.

- **Gebruik van kleur:**

**FIGUUR 2a:** Warm diep rooie en bruine kontrasteer met die skerp turkoois in die juwele. Die wit in die kopband en die halssnoer trek die oog in die prentvlak in. Rooi in die kralewerk word herhaal in die figure in die agtergrond. Geel oker is sigbaar in die armband en die materiaal oor die skouers.

**FIGUUR 2b:** Warm oranjes, diep rooie, geel oker en bruin, kontrasteer met die turkoois op die kopband en die herhaling daarvan in die agtergrond. Die gebruik van hierdie suiwer kleure is esteties en dit verlig die sterk beeldagtige gesig van die kop van Christus. Die rooi van die hare en en die rooi merke in die voorgrond kan die bloed van Christus voorstel. Die oranje portret/masker/gesig en die turkoois agtergrond komplimenteer mekaar.

- **Beelde gebruik:**

**FIGUUR 2a:** Stern beeld 'n portret uit van 'n Fingo vrou aangetrek in tradisionele klere en bykomstighede. Twee figure in tradisionele drag is sigbaar in die agtergrond. Dit kom voor asof hulle sweef maar dis nie werklik so nie.
**FIGUUR 2b:** 'n Beeld van 'n maskeragtige gesig, met 'n doringkroon domineer die prentvlak. Die Christus kop dra 'n kopstuk wat lyk asof dit uit hout gemaak is. Beelde van 'n kruis en 'n figuur kan op die hooftooisel gesien word. 'n Beeld van 'n versteekte gesig is sigbaar agter die masker.

- **Styl:**

**FIGUUR 2a:** Die Ekspressionistiese styl, olieverf is met sterk bewegings aangewend en skep sigbare kwashale weergee. Ekspressiewe, donker, harde buitelyne kan gesien word in die hooftooisel en die figure in die agtergrond.

**FIGUUR 2b:** Die gestilleerde benadering gee die idee dat die skildery eerder uit hout gekerf is. Die tonale variasie deurgaans in die skildery gee dit 'n 3-dimensionele/beeldagtige voorkoms**.** (8)

2.2 Kandidate moet die werk bespreek van enige **TWEE** Suid-Afrikaanse kunstenaars, (EEN kunswerk per kunstenaar) wie se werk inheemse en/of Afrika simbole en kunsvorms reflekIteer. Hulle moet die name van die kunstenaars en titels van die kunswerke noem . Hulle moet die volgende riglyne gebruik:

- Onderwerp
- Invloede
- Formele kunselemente
- Media en tegniek
- Moontlike boodskappe/betekenis (12)

**[20]**

**VRAAG 3: SOSIO-POLITIEKE KUNS, INSLUITEND WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970s EN 1980s**

***Onderwys is die magtigste wapen wat jy kan gebruik om die wêreld te verander."***
*Nelson Mandela -2003 "*

**FIGUUR 3a:** Alfred Thoba, ***1976 Riots, (1976 Opstande),*** olieverf op bord, 1987.

**FIGUUR 3b:** Sifiso Samuel Gumede, ***'Education not Police'("Onderwys nie Polisie'***) linosnee,, 2017.

3.1 Deur te verwys na die bogenoemde stelling moet kandidate die bronne voorsien in FIGUUR 3a en 3b met mekaar vergelyk deur te bespreek hoe elke kunstenaar kommentaar lewer oor die uitdagings van onderwys in hierdie moeilike tye

Hulle mag die volgende riglyne gebruik:

- **Onderwerp**

**FIGUUR 3a:** Daar is vier figure geklee in skool uniforms uitgebeeld in 'n voorstedelike area. Die sentrale figuur dra 'n beseerde/dooie kind. Die ander studente hou klippe/rotse in hulle hande vas. Die meisie aan die regterkant het net een been en leun op 'n kruk. Die ander kruk lê op die grond. Aan die linkerkant van die komposisie is 'n weermag voertuig. In die agtergrond is huise en in die middel van die skildery is drie bome. Traanmerke op die gesig van die sentrale figuur is sigbaar. Die gegroepeerde figure stem ooreen met die beroemde foto van Hector Peterson gedurende die Soweto opstande.
**FIGUUR 3b:** Daar is vier figure in 'n stedelike area uitgebeeld. Een vroulike skolier, geklee in skool uniform, is uitgebeeld aan die onderkant links in die komposisie. In die middelgrond is twee figure wat onderwysers/ouers/skolier voorstel wat in gesprek is met 'n polisie-offisier. Die geboue in die agtergrond verteenwoordig 'n skool.

- **Kleur:**

**FIGUUR 3a:** Die dominante rooi en groen komplimenteer mekaar. Die gebruik van komplimentêre kleure kan ook gesien word in die rooi/pienk van die huise in die agtergrond wat kontrasteer met die helder groen bome. Die student se skool uniforms is blou/grys-swart en dit word herhaal in die dakke van die huise. Die wit van die hemde word herhaal in die vensters. Bruin in die weermag voertuig word herhaal op die krukke in die voorgrond. Die plat kleurgebruik skep 'n geanimeerde/ strokiesverhaal prent. Invloede van Fauvisme, daarom die gebruik van arbitrêre, plat kleur en vlak perspektief.

**FIGUUR 3b**: Groen, swart en wit domineer die kunswerk. Die figure is gedruk in swart en wit en dit kontrasteer met die groen agtergrond. Die groen agtergrond kan 'n groen bord verteenwoordig wat gewoonlik in 'n klaskamer gebruik word. Die kunstenaar het wit gebruik om die wit bordkryt op 'n groen bord na te boots. Die plat kleure laat dit soos 'n tegniese plan tekening/silhoeet/bloudruk lyk.

- **Lyn:**

**FIGUUR 3a:** Sterk vertikale lyne is gebruik in die figure van die studente en die bome in die agtergrond, wat mag en sterkte verteenwoordig. Die vertikale lyne kontrasteer met die horisontale lyne wat gebruik is in die weermagvoertuig en die klein figuur wat gedra word skep balans in die kunswerk. Diagonale lyne van die skuins dakke en die loop van die weermag wapen versag die beeld en skep beweging.

**FIGUUR 3b:** Horisontale, organiese, diagonale, en vertkale lyne is gebruik in die linosneewerk om patroon, tekstuur en perspektief te skep. Die breedte en dikte van die lyne varieer in die linosnywerk; bo krabbels, kruisarsering, dun en dikker lyne wat ekspressiewe figure in die kunswerk skep. Die gebruik van diagonale en vertikale lyne op die gebou aan die linkerkant verteenwoordig bakstene. Kruisarsering is gebruik in die gebou aan die regterkant wat herinner aan die omheining of 'n sekuriteitsheining. Wetenskaplike diagramme kan gesien word op die mure van die gebou sowel as in die negatiewe spasie in die agtergrond. Gefragmenteerde vorms/vektore wat gevorm is deur verskeie lyne en teksture is sigbaar op die figuur aan die linkerkant. Die verlengde wiskundige lyne/wetenskaplike berekeninge verbind die figure van die studente onderwysers met die strukture in die agtergrond.

- **Komposisie:**

**FIGUUR 3a:** Vier figure geklee in skooluniform is geplaas net weg van die middelpunt regs in die komposisie. Aan die linkerkant van die skildery is 'n groot weermag voertuig met diagonale kanonlope. Die lope van die wapens op die voertuig oorvleuel met die figure van die studente, waar die res van die voertuig lyk asof dit agter die aankomende figure geskilder is. Dit skep 'n verwringde komposisie. Dit dra by tot die ongemaklike gevoel van die skildery. Drie groen bome en drie huise in die agtergrond dui aan dat dit 'n township is.

**FIGUUR 3b:** Daar is vier figure uitgebeeld in 'n stedelike area tussen twee geboue. Een vroulike skolier/leerder, geklee in uniform is uitgebeeld aan die onderkant links in die skildery. Sy kyk direk na die kyker. Die ander drie figure is in gesprek met mekaar en hulle kyk na die middel van die prentvlak.

- **Betekenis van die kunswerke deur te verwys na die titels:**

**FIGUUR 3a:** Gedurende 1976 het opstande in die townships van Johannesburg gelei tot geweld en die skiet en dood van onskuldige skoliere. Dit het 'n plek van ongemak, gevaar en struweling geword. Die kleur rooi bevestig en verteenwoordig geweld/bloedgieting/opstande.

**FIGUUR 3b:** Die titel is 'n letterlike betekenis van die versoek van leerders wat onderrig wil word sonder die teenwoordigheid van die polisie of om opgepas of dopgehou te word. Die sosio-politieke kunswerke beeld kwessies uit wat 'n direkte invloed op die onderrig van alle kinders in ons land het. Dit mag toon dat kennis vermors word of verdwyn wanneer daar nie onderwys is nie of waar daar onrus en opstande in 'n township is. Dit kan ook beteken dat onderwys van hulle gesteel word. (8)

3.2 Kandidate moet 'n opstel skryf oor **TWEE** kunstenaars (EEN werk per kunstenaar ) wie se werk protes, weerstand of onregverdighede in 'n samelewing weerspieël.

Hulle moet die volgende riglyne gebruik:

- Onderwerp
- Formele kunselemente
- Media en tegnieke
- Moontlike betekenis en boodskappe (12)

**[20]**

## VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE, HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA

| |
|---|
| Flesse, potte en houers het ontwikkel en verander deur die eeue heen volgens die behoefte en funksies wat gebaseer is op tradisie, erfenis en kultuur, en genereer 'n inkomste vir baie kunstenaars. |

**FIGUUR 4a:** Clive Sithole, ***Uphiso (****sfeervormige fles met 'n kort nou silindriese nek wat in 'n put gebak is),* 33.0 X 33.4cm, 2000.

**FIGUUR 4b:** Beauty Ngxongo, ***Basket with lid, (Mandjie met deksel),*** *gekleurde* ilala palm blare, 1990.

**FIGUUR 4c:** Ardmore ceramics**, *Masai Red Elephant Tureens, (Masai Rooi Olifant Sopkom)*** geglasuurde keramiek klei, datum onbekend.

4.1 Kandidate moet 'n kort opstel skryf deur enige **TWEE** kunswerke uit FIGUUR 4a – 4c te kies waarby hy/sy die volgende bespreek in hulle antwoord:

- **Vorm**

**FIGUUR 4a:**
Die kleipot het ‘n silindriese smal nek en opening, met breë/wye skouers watgeleidelik smaller na die basis toe word. Dit het herhalende driehoekigevorms met ingesnyde arsering wat ‘n vierkantige motief vanaf die nek van die pot tot by die basis skep. Die gladde, duidelike sig-sag lyne oorvleuel die vierkant-patroon vanaf die die nek van die pot, tot by die basis. Die pot het ook golwende breë lyne met fyn ingesnyde kolletjies vanaf die nek tot by die basis. Die motief van die dierlike kop vorm ‘n reliëfpatroon teen die skouer van die pot. Die horings is ‘n sekelvorm bokant die kop van die dier(bees).

**FIGUUR 4b:**
Die houer het ‘n driehoekvormige deksel wat soos ‘n rondawel se dak lyk. Dit het ‘n smal nek met ‘n wye middellyn en ‘n smal basis en dit vorm ‘n ovaalvormige mandjie. Die ontwerpe is geometries met patrone en word gedomineer deur herhalende motiewe. Hierdie patrone het ‘n agtergrond wat bestaan uit groot diamantvormige vorms wat op die wydste deel van die mandjie geplaas is. Die patrone volg die kontoer van die mandjie in perfekte simmetrie. Die deksel sluit die patrone van die mandjie in maar die ontwerp is aangepas en verander in driehoeke om by die vorm van die deksel te pas.

**FIGUUR 4c:**
Die houer het ‘n smal, brëe skouer en smal basis. Dit het twee handvatsels in die vorm van olifantkoppe aan weerskante van die nek van die fles met die koppe uitwaarts gedraai en die slurpe wat die handvatsels vorm. Die deksel het soortgelyke olifantkoppe met slurpe teenmekaar, wat die handvatsel vorm. Die hele houer is simmetries wat verder verhoog word deur die geverfde blomme en die paisley ontwerp in die middel van die fles. Al die ontwerpe en patrone is organies en die houer het ook ‘n organiese vorm. Die hele fles is versier met fauna en flora motiewe.

- **Funksie**

**FIGUUR 4a:**
Uphiso is vir die berging en vervoer van vloeistowwe byvoorbeeld Zoeloe bier. Die smal opening en die getuite nek verminder storting wanneer dit gevul word.

**FIGUUR 4b:**
Hierdie houer word gebruik vir die stoor en vervoer van graan of vloeistowwe.

**FIGUUR 4c:**
Hierdie dekoratiewe houers word verkoop as dekoratiewe stukke om ‘n inkomste te genereer.

- **Media/materiaal en tegniek**

**FIGUUR 4a:**
Hierdie pot is gemaak van klei en die kunstenaar maak gebruik van die rol-pot metode. Later word die pot met ‘n lepel of klip opgevryf om te blink. Dit word dan in ‘n put/oond gevuur.

**FIGUUR 4b:**
Hierdie mandjie is gemaak van iIala palm blare wat styf inmekaar geweef is.

**FIGUUR 4c:**
Hierdie houer is gemaak van pottebakkersklei wat op ‘n wiel gedraai is. Nadat die klei droog is voeg beeldhouers miniatuur beeldjies by om die pot te versier. Dit word dan in ‘n oond gevuur en daarna met dekoratiewe patrone geverf deur onderglasures en glasures te gebruik. Sodra die houer geverf is, word dit weer gevuur.

- **Verskille tussen jou twee voorbeelde**

**FIGUUR 4a:**
Die soliede swart pot is is versier met ingesnyde en sigbare reliëf patrone. Die geometriese vorms bestaan uit geboë ontwerpe en dit lyk soos horings.

**FIGURE 4b:**
Die houer is ‘n geweefde mandjie met ‘n deksel wat bestaan uit kompakte bruin en oranje geometriese ontwerpe en patrone.

**FIGUUR 4c:**
Die fles is gemaak vir verkope en vir dekoratiewe gebruike in interieure ruimtes . Dit bestaan uit geverfde en skulpturele dekoratiewe fauna en flora ontwerpe. Figure 4b en 4c het beide deksels wat voortgaan met die herhaling van die ontwerp van die houer.

- **Ooreenkomste tussen jou twee voorbeelde**

Alle houers/kunswerke is deel van tradisionele erfenis en kultuur. Die kennis van tegniek en materiaal is van geslag tot geslag oorgedra. Al die simmetriese houers het vorms wat ooreenkom en reflekteer die skoonheid en ontwerp inspirasie/invloed van Suid-Afrika. FIGURE 4a en 4c het ‘n glans met reliëfdiermotiewe.

**<u>Onderrighulpmiddel:</u>**

**FIGUUR 4a:**
Uphiso/ingcazi is ‘n sferiese houer, 20-30cm hoog baie dieselfde as die Ukhamba maar met ‘n kort, smal silindriese nek omtrent 8cm in lengte wat gebruik word om Zoeloebier in te vervoer. Die smal opening en lang nek verhoed dat die bier uitspat. Die gesifte bier word in een van hierdie houers geskink om aan die amadlozi the bied waarna dit in ‘n Ukhamba gegooi word om te drink Die getekstureerde oppervlak met kolle en ingekerfde merke help as hulp om die houer vas te vat sodat dit nie uit die hande gly nie..
**FIGUUR 4b:**
Hierdie tradisionele mandjie is deur Suid-Afrikaanse Zoeloe-wewers gemaak deur gebruik te maak van natuurlike wasagtige palm blare wat om gedraaide wilde gras gedraai is. Party mandjies word steeds gebruik om vloeistowwe in te berg in die landelike dele van Suid-Afrika. Waterdigte mandjies word gemaak deur nat koringmeel binne in te vryf. Wanneer water in gegooi word dan swel die gedraaide gras. Daar is ‘n hoeveelheid vloeistof wat deurlek, verdamp en sodoende word die inhoud verkoel.

**FIGUUR 4c:**
Ardmore het nou ‘n reputasie verdien vir die ikoniese en unieke ontwerpe. Vandag het hierdie besige studio meer as 70 kunstenaars wie se keramiekwerke herken word as hedendaagse versamellaarsitems deur afslaers soos Christies, Bonham’s en Sotheby’s. Hierdie kunstenaars het ‘n inkomste begin genereer asook internasionale erkenning gekry vir hulle vaardige ontwerpe en kunswerke. (10)

4.2 Kandidate moet TWEE kunswerke deur verskillende vlyt kunstenaars en/of spirituele kunstenaars bespreek wie se werk geïnspireer is deur hulle kultuur en erfenis.

Hulle moet die volgende riglyne gebruik:

- Invloede en inspirasie
- Kunselemente
- Gebruik van material en tegnieke
- Boodskap/betekenis (10)

**[20]**

## VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORME IN SUID-AFRIKA

Nkhensani Rihlampfu is ‘n jong Suid-Afrikaanse kunstenaar wat indrukwekkende figuratiewe beeldhouwerke skep deur handgeweefde linne toue te gebruik. Hierdie gesiglosefigure verteenwoordig die meerderheid laagbesoldigde arbeiders wat deur harde werk help bou het aan Suid-Afrika, ten spyte van die gewig wat hulleself dra.

Isabelle Grobler gebruik voorwerpe, wat weggegooi is, op 'n droomagtige wyse om kommentaar te lewer op die samelewing se ekonomiese afhanklikheid van hierdie verbruikersnoodsaaklikhede.

**FIGUUR 5a:** Rihlampfu Nkhensani, ***Remains of democracy***,(***Oorblyfsels van Demokrasie***) Hout, staal en geweefde linne tou, 2017.

**FIGUUR 5b:** Isabelle Grobler, ***The Cannibals’ Concupiscence: Personal Jesus***, ***(Die Kannibale se Begeerlikheid: Persoonlike Jesus)***gemengde media beeldhou assemblage 2020.

5.1 Kandidate moet die bogenoemde stelling lees en die volgende vrae beantwoord:

- **Hoekom dink jy skep Rihlampfu gesiglose figure? (FIGUUR 5a)**

Hy skep gesiglose figure met geen spesifieke identiteit om hulle universeel te hou sodat alle mense hulle met die kunswerk kan vereenselwig. Dit kan ook beteken dat alle mense van ‘n land verteenwoordig word. Die kunswerk reflekteer samehorigheid deudat die figure gesigloos is.

- **Hoe skep al die materiale wat deur Rihlamphu gebruik word tekstuur en ritme?**

Die herhalende stringe, toue en stroke materiaal met verskillende tasbare kwaliteite, skep ritme deurdat dit lukraak geknoop, geweef en gevorm is. Die growwe tekstuur van die hout, geweefde tou en verskillende skakerings van material skep ook visuele tekstuur. Die verskillende skakerings van die materiaal en die herhaling van die diagonale lyne skep beweging. Die diagonale houding van die figuur wat vorentoe beur beklemtoon beweging.

- **Hoe dra die visuele elemente wat in FIGUUR 5a voorgestel word by, tot die betekenis van die titel?**

Die los stroke materiaal en linte word saamgevoeg by een kollektiewe punt en word vasgehou deur ‘n figuur wat met dik tou geweef is. Dit mag aandui dat die oorskot van iets onsigbaars getrek of gesleep word in ‘n teenoorgestelde rigting. Dit kan ook voorstel dat die individu sy/haar bagasie saamsleep van ons nuwe demokrasie. Die vorentoe beurende figuur toon aan dat dit ‘n swaar vrag is om te dra. Die fyn geweefde tou dui aan dat mense verweef is met hulle verlede en dat dit deel vorm van hulle. Die figuur hou vas aan die verskillende toue en stroke wat hulle oorsprong het van verskillende rigtings/plekke. Betekenis van ***Demokrasie*** is oop vir die leerders se interpretasies.

- **Hoe dra Grobler se gebruik van weggooigoed en optelgoed in FIGUUR 5b by tot die droomagtige en surrealistiese kwaliteit van haar werk?**

In figuur 5b, word uiteenlopende weggooigoed en gevonde voorwerpe langs mekaar geplaas om nuwe betekenis te skep in 'n surrealistiese en droomagtige ruimte. Sy skep haar eie nuwe wesens wat dierlike en menslike gelaatstrekke besit.

- **Identifiseer die objekte wat mag vertoon in FIGUUR 5b. Hoe sinspeel dit op die mag van verbruiking?**

Die elektriese gloeilamp/lig verwys na 'n bron van energie en lig. Die stralekrans dui spirituele mag en verligting aan. Die brandstofkop kom verwys na ons olie industrie en hoe olie 'n kommoditeit en noodsaaklikheid is in vandag se wêreld. Dat kan ook verwys na die ewig-stygende petrol/diesel pryse.
Die petrol kop kan ook gesien word as 'n falliese simbool wat manlike dominansie kan voorstel asook die aanvraag na prostitusie. Die bokhoring aan die petrolkop kan ook verwys na die mag van manlikheid.

- **In haar titel verwys sy na Christenskap (Persoonlike Jesus') Dink jy hierdie kunswerk het 'n godsdienstige/spirituele kwaliteit? Ondersteun jou antwoord.**

Die persoonlike interpretasie van die leerder moet in aanmerking geneem word.
Die verwysing na persoonlike Jesus wat 'n redder is word vergelyk met 'n bron van energie en elektrisiteit. Die blink stralekrans wat heilige figure voorstel en die bron van energie weerspieël ook 'n godsdienstige kwaliteit. Die stralekrans kan ook verwys na reinheid, onskuld en die ontasbare. (8)

5.2 Kandidate moet 'n opstel skryf waarin hulle enige **TWEE** kontemporêre Suid-Afrikaanse kunswerke bespreek wat nuwe/alternatiewe materiaal gebruik om 'n sterk boodskap te skep deur die volgende riglyne te gebruik:

- Invloede
- Materiale en tegnieke
- Formele kunselemente
- Boodskap/betekenis

(12)

**[20]**

**VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID -AFRIKA NA 1994**

| |
|---|
| Die kunstenaars, Dion Cupido en Rory Emmet, besin beide oor hulle identiteit om as 'Kleurling' geklassifiseer te wees en wat dit vir hulle beteken. |

**FIGUUR 6a**: Dion Cupido, ***Party Politics***, ***(Party Politiek)*** gemengde media, 2019.

**FIGUUR 6b**: Rory Emmet, ***Couple***, ***(Paartjie***)olie op papier, 2017.

6.1 Kandidate moet ‘n kort opstel skryf oor hoe die kunstenaars in FIGURE 6a en 6b “Kleurling'' identiteit beskryf deur die volgende riglyne te gebruik:

- **Gebruik van figure/liggaamstaal**

**FIGUUR 6a:** ‘n Baie donker portret domineer die kunswerk. Die regterkant van die gesig is bedek met graffiti, woorde, beelde en simbole. Die gesig is gebruik as ‘n formaat vir die woorde,’free’, ‘your party’ ‘hard’, ‘elect’, ‘home’ sowel as ‘n spieëlbeeld van die word ‘dumb’. Slegs die oë, lippe, neus en kop kan duidelik gesien word teen die besige agtergrond. Afbeeldings van ‘n ster, ‘n stort en ‘n son is op die gesig geverf wat soos ‘n collage lyk. Die figuur dra ‘n bedrukte hemp met partytjie ‘streamers’ oral oor hom. Die uitdrukking in die oë kom verlore / vraend / konfronterend / hartseer / emosieloos en ontsteld voor.
**FIGUUR 6b**: Daar is twee figure, manlik en vroulik, wat voor ‘n huis staan en ‘n baba vashou. Die manlike figuur, skynbaar die pa, hou die kind vas. Die vel van die arms, bene en gesigte van die figure is nie sigbaar nie aangesien dit bedek is met klein druppeltjies verf in verskeie kleure, wat hulle identiteit verbloem. Die werk word ‘n ou, wit en swart familie foto. Die styl van die kleredrag dui aan dat dit ‘n outydse/antieke/vintage foto is.

- **Agtergrond**

**FIGUUR 6a:** In die agtergrond, links van die figure, is figure wat beweging aandui. Daar is ook afbeeldings van twee voertuie,’n ry huise en ‘n hond. Daar is partytjie ‘streamers’ en confetti wat deur die lug vlieg en is ook sigbaar op die hoof figuur.
**FIGUUR 6b:** Die kleredrag en die gebou/huis kom voor asof dit ‘n baie ou toneel is. Die naby aansig van die huis is sigbaar en dit kan moontlik die familie huis wees.

- **Kleur**

**FIGUUR 6a:** Pienk is gebruik in die hare, die onderlip van die portret en ook in die berge in die agtergrond. Dit mag dalk vroulikheid aandui. Sagte kleure van groen en pers is op die agtergrond aangewend. Die goue / geel oker hemp met die swart zebra strepe domineer die voorgrond. ‘n Groen partytjie papier lint hang oor die skouer, terwyl ander gekleurde linte die hare bedek. Die wit van die oë word herhaal in die graffiti wat op die vel van die persoon geskryf is. Klein fragmente van die papier linte is gestrooi oor die hemp wat ‘n partytjie suggereer. Die persagtige pienk kleur in die linkerkantste figuur balanseer met dieselfde kleur in die voertuig regs. Die gebruik van ‘n verskeidenheid kleure spreek die identiteit van kleur klassifikasie aan met geen verwysing na ras nie.
**FIGUUR 6b:** Die vel is bedek met multi gekleurde kompakte kolletjies van impasto verf. Die gekleurde areas word die verligte fokus van die skildery. Die figure is in wit en swart geverf. Die gebruik van baie verskillende kleure verwys na die kwessie van “gekleurde” identiteit.

- **Dink jy hierdie werke reflekteer identiteit suksesvol? Verwys na moontlike betekenisse / boodskappe?**

Kandidate moet aantoon of hierdie kunswerke suksesvol is of nie en hulle moet hulle antwoorde ondersteun deur te verwys na die kunswerke.

**Moontlike betekenisse/boodskappe**

**FIGUUR 6a:** Daar is teenstellende gemoedere in die toneel, terwyl daar ‘n partyjie plaasvind in die agtergrond met uitgelate mense wat partytjie linte gooi en feesvier, is die persoon in die voorgrond baie ongelukkig en tranerig. Die uitdrukking op haar/sy gesig skep ‘n treurige atmosfeer en stel voor dat hy/sy ‘n buitestaander is. Daar is baie min mense in die agtergrond wat die partyyjie bywoon wat kan verwys na die politiek van die land of persoonlike politiek.

**FIGUUR 6b:** Die swart en wit skildery van die familie foto kom ooreen met ‘n outudse foto. Die kunstenaar het doelbewus hulle identiteit uitgelaat deur die arms, bene en gesigte met verskeie kleure kolletjies te verf, in ‘n spel van die letterlike interpretasie van kleur. Huidig is daar ‘n debat rondom die term “gekleurd” en hy lewer direkte kommentaar oor identiteit deur gekleurde kolletjies te gebruik. (8)

Ironie is benadruk waar daar kontras is in die swart en wit foto wat kan verwys na swart en wit as rasse. Ons is almal gekleurd en die kunstenaar gee die betekenis as gekleurd met teenstelling om kleurvol te wees. Die titel wat gegee is , is dus toepaslik en dra die boodskap van om gekleurd/kleurvol te wees baie duidelik. Dit is ironies dat hul politiese kommentaar oor ras het wat na rasse klassifikasie verwys.

6.2 Kandidate moet TWEE werke van Suid-Afrikaanse kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) bespreek wie se werk kwessies rakende identiteit reflekteer. (12)
**[20]**

**VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID**

Ek hou daarvan om 'n estetiese skoonheid in iets te ontdek waar ander dit moontlik as verwaarloos en lelik sal sien.

– Tim Okamura

Okamura ondersoek identiteit en vang skoonheid, krag en waagmoed in 'n stedelike omgewing vas om die lewensverhale van mense deur portretstudies te vertel. Hy kombineer realisme met elemente van graffiti

**FIGUUR 7a**: Tim Okamura, ***"Rare Groove',*** olie, gemengde media op doek, 2018.

7.1 Kandidate moet ‘n opstel skryf waarin hulle bespreek hoe geslag uitgebeeld word in Okamura se werk, insluitende **TWEE** ander kunswerke van verskillende kunstenaars wat hulle bestudeer het rakende geslagskwessies.

Hulle mag na die volgende verwys in hulle antwoord:

- **Onderwerp**

Dit is ‘n figuratiewe skildery van twee vroue/individue wat mekaar vashou. Die figure staan uit teen ‘n agtergrond wat blomme, tipografie/letterwerk en spuitverf graffiti insluit. Die kunstenaar het ‘n illusie geskep van die graffiti gewoonte om by reeds bestaande woorde by te voeg deur verskeie individue.

- **Kleur**

Die persoon links in die blou ‘T’- hemp is donkerder van gelaat as die ander een regs, wat geklee is in ‘n swart rok. Hulle het verskillende kleure hare, die een groen en die ander blond. Die donker bruin agtergrond beklemtoon die figure en kontrasteer met die pienke en wit kleure van die buitelyne van die skildery. Graffiti en ander beelde kom in die agtergrond voor in groen, goud, wit, oranje, swart en bruin. Die beeld is verdeel deur kleur: die linkerkant is hoofsaaklik groen en die regterkant meer pienk in die agtergrond en die velkleur.

- **Kontras:**

Die figure kontrasteer met mekaar in velkleur, kleredrag, haarstyle, juwele en uitdrukking/houding. Die agtergrond het kontrasterende kleure en styl in vergelyking met die realisme van die figure/portrette.

- **Tegniek wat bydra tot die betekenis van die werk**

Die tegniek lyk soos die straatmure in ‘n stedelike area. Dit dra by tot die lewe en lewensomstandighede van die mense van sulke plekke. Hy gebruik doelbewus die graffiti styl op die mure wat die opbou van plakkate, die maak van merke, plakkers en lae verf om by te dra tot die verhaal van sy werk. Hy skep pragtige, realistiese portret van hierdie mense om hulle identiteit, skoonheid en dapperheid te wys. Die agtergrond is saamgestel uit sigbare kwashale of impasto aanwending wat die besige stedelike leefstyl uitlig.

- **Houding en uitdrukking:**

Die regopstaande figure kyk met selfvertroue direk na die kyker. Die paartjie het ineengestrengelde hande wat dapper aantoon wie hulle is. Die figuur aan die linkerkant kom meer manlike voor met sy/haar linkerhand geklem in ‘n vuis wat dominante/outoritêre mag oor die ander figuur toon. Die vroulike figuur aan die regterkant het ‘n sagte en ontspanne/kalm houding.

- **Simbole**

Die figure verteenwoordig alle identiteite. Die klere simboliseer manlike en vroulike stereo-tiperende uitrustings en haarstyle sowel as juweliersware. Die agtergrond met wit lelies/blomme/rose op die vier hoeke kan vrede, onskuld, suiwerheid en moontlik ‘n huwelik voorstel. Dit skep ‘n vroulike gevoel. Die woorde ‘rare groove, wat ook die titel is van die kunswerk kan ongewone/skaars verhoudings beteken. Die ‘afro’ haarstyl is simbolies van aanvaarding van hulle natuurlike hare of natuurlike identiteit. Hulle is trots op wie hulle is, en soek aanvaarding deur die samelewing.

**[20]**

**VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA**

| |
|---|
| Mpumalanga staan bekend as die provinsie van die 'opkomende son'.<br><br>Die Mpumalanga Provinsiale Regeringskompleks, wat in Mbomebela geleë is, verwys duidelik na Suid-Afrikaanse erfenis. |

**FIGUUR 8a en FIGUUR 8b:** Tayob Schnepel Association, ***Mpumalanga Government Complex***, (***Mpumalanga Regeringskompleks),*** buite aansig, 1997-2001.

**FIGUUR 8c:** ***Mpumalanga Government Complex,*** **(*Mpumalanga Regeringskompleks*)** Interior sitplek-area in die konferensiekamer, 1997-2001.

**FIGUUR 8d:** ***Mpumalanga Government Complex,*** (***Mpumalanga Regeringskompleks)***, die plafon met die koepel in sig, 1997-2001

8.1 Kandidate moet verwys na die bogemoemde stelling wat gestaaf word deur die visuele bronne in FIGUUR 8a – 8d. Hulle moet die gebou bespreek deur die volgende riglyne te gebruik:

- **Die ontwerp en vorm van die gebou wat ons Afrika erfenis weerspieël**

Die ontwerp kom ooreen met die van ‘n byekorf/rondawel/hut vormige struktuur. Die koepelvormige struktuur domineer die area van die kompleks. Konsentriese lyne is ingesluit in die koepel met geometriese pilare wat lei tot die ingang van die gebou. Klein ventertjies is gebou om die basis van die koepel. Die koepel het ‘n okulus/oog/sirkelvormige opening/venster heelbo in die koepel wat lig deurlaat in die konferensiekamer. Die interior ontwerp volg die koepelvormige struktuur wat die ronde uitleg behou. Die sentrale vloerspasie van die konferensie kamer het ‘n groot sirkelvormige kleurvolle tradisionele ontwerp/embleem/patroon met groen stoele en tafels/lessenaars. Die vloer patroon/son embleem word herhaal op die tafels, podium en matte. Die dominerende blou kleur van die gematte vloer kan die refleksie van die lug voorstel. Die mure het tradisionele Afrika ontwerpe wat ooreenkom met die tradisionele ukhamba potte. Die ontwerpe op die galerye/balkonne kom ooreen met tradisionele kralewerk/juwele. Die mure op die tweede vloer het tappisserieë wat die mense se gemeenskap/landelike areas reflekteer. Die binnekant van die koepel is versier met bruin en beige driehoekige ontwerpe wat in ‘n spiraal in die rigting van die oculus, wat heenwys na die Roomse Pantheon.

- **Die funksie van die koepel**

Die argitek gebruik die koepel as die hoof, uitstaande kenmerk en om die Afrika erfenis uit te lig. Die hoogte van die koepel skep meer binne-spasie en sorg vir lug sirkulasie en ekstra lig. Die sirkelvorm van die koepel word herhaal in die vloerplan wat simbolies is van die Afrika tradisie waar mense vergader om 'n boom om belangrike kwessies te bespreek en te onderrig.

- **Die funksie van die okulus**

Die okulus sorg vir natuurlike lig in die konferensie kamer aangesien daar nie vensters is nie, en word sodoende die fokale punt.

- **Hoe die argitek die "opkomende son" in die ontwerp van die gebou gereflekteer het**

Die vereenvoudigde/gestilleerde embleem van die son en sy strale word in die mat en die podium voorgestel as die son wat opkom. (6)

8.2 Kandidate moet enige TWEE Suid-Afrikaanse geboue/strukture bespreek wat ons Suid-Afrikaanse geskiedenis/erfenis/kultuur weerspieël. Gee die naam van die gebou en die argitek.

Hulle kan sommige van die volgende oorweeg:

- Materiale
- Ontwerp en vorm
- Funksie van die gebou
- Perseel/ligging
- Invloede

(14)

**[20]**

Kopiereg voorbehou